Argief
Studenteraad.
Mag nie verwyder

Beter Diens
FIETSE
RADIOS ens.
H. VILJOEN
Pleinstraat

# Die Matie

TWEEWEEKLIKSE STELLENBOSSE STUDENTEKOERANT
(UITGEGEE ONDER BESKERMING VAN DIE S.R.)
Vol. X, Nr. 19 | VRYDAG, 24 MEI 1957 | Prys 3d.

DIE
UITSPAN
— VIR —
VERVERSINGS
EN
LEKKER
TUISGEBAK
Foon 762 PLEINSTR.

# „STAATSLOTERY PAS NIE BY AFRIKANERS NIE"

## L.V. Stel Onomwonde Standpunt Aan Studente

**„DIE Afrikaner se filosofie kan hom nie vereenselwig met staatsloterye of dobbelary nie." Hierdie mening is deur mnr. Dirk Mostert, L.V., verlede Woensdagaand in die Neethling-saal gehuldig tydens sy optrede in 'n reeks lesings deur Polumnia, die C.S.V. en N.J.B. gereël.**

Vir die spreker iets verontrustends, is die feit dat so baie mense reeds ten gunste van 'n staatslotery in S.A. is. Gedurende die afgelope 15 jaar is 'n staatslotery al 5 keer in die Parlement voorgestel.

Verlede jaar is selfs 'n privaat wetsontwerp ingedien en 'n petisie met 30,000 handtekeninge is ingehandig by die Volksraad. In beginsel is dit reeds deur een provinsie goedgekeur.

Diegene ten gunste daarvan, beweer dat 'n staatslotery nie soseer die staat bevoordeel nie, maar dat fondse vir liefdadigheid sodoende gestig en gestyf kan word, terwyl dit onwettige dobbelary sal verhoed. So 'n lotery sou kleur en afwisseling in ons kleurlose lewe bring.

Die afwesigheid van 'n eie staatslotery het die volgende groot nadeel. Buitelandse loterye word deur ons ondersteun. Sodoende verlaat £8 miljoen ons land jaarliks. Tagtig persent van die omset van loterye in Rhodesië word deur Suid-Afrikaners voorsien.

### WINSMOTIEF

Volgens mnr. Mostert steek daar 'n onvolwasse drang om geld so spoedig moontlik te bekom sonder enige liggaamlik vermoeienis agter die begeerte na 'n staatslotery. Die diensmotief word geheelenal deur die winsmotief oorheers. Loterye het 'n narkotiese uitwerking en ondermyn die werklus van die mense.

Die voorstanders van loterye beweer dat dit 'n natuurlike neiging van die mens is en om dit te probeer stuit, sou onwettig wees. Mnr. Mostert meen egter dat om 'n lotery in te stel, 'n poging sal wees om dit wat immoreel is, moreel te verklaar.

**Die bestaan van 'n wet maak nie iets eties of onwettig nie. Die feit dat daar geen wet bestaan nie, laat die Christen nog nie vry om iets wat teen sy beginsels is, toe te laat nie. Al word loterye toegelaat, beteken dit nog nie dat dit vir die Christen geoorloof is nie.**

Die voorstanders se bewering dat loterye in Bybelse tye wel toegelaat is, is wel waar, dog in dié sin dat dit daar met die grootste ontsag beskou is as Goddellike lotsbeslissings of as 'n aanduiding van wat reg is waar die mens in sy onwetenheid dit nie self kan bepaal nie. Vandag egter, word die werp van die lot as anachronisme beskou.

Volgens die Afrikaanse lewensopvatting ondermyn loterye die morele dissipline en selfvertroue. Om 'n prysgeld op so 'n manier te wen, is geen prestasie nie en kan ook nie die ware voldoening verskaf soos wanneer mens dit deur inspanning en durf verdien het nie. Diegene wat nie gelukkig is om iets te wen nie, besit gewoonlik die nasleep van frustrasie.

Die Afrikaner se filosofie is dié van groei en wording en gevolglik sy skeppende werk sy hoogste ideaal. Sulke onverdiende geld wat deur 'n staatslotery aan mense besorg is, is nie te vereenselwig met die Afrikaner se filosofie nie.

*BESIENSWAARDIGHEID IN SUIDWES*



**Hierdie ou Duitse Fort is een van die geskiedkundige plekke wat deur die B.S.K.-Toer (na Suidwes in die komende vakansie) besoek sal word.**

# BAANBREKERWERK DEUR UNIVERSITEITSKOOR

## Komende Uitvoering Van Groot Dubbelkoorwerke

**DIE Universiteitskoor is 'n koor wat elke jaar met nuwe daadkrag en nuwe idees na vore tree, en alle eer daarvoor kom hulle entoesiastiese leier, Philip McLachlan, toe. Stellenbossers het trouens reeds lankal besef dat hierdie koor glad nie meer net bloot 'n Sangfeeskoor is nie, maar een is wat hom op wyer paaie begeef.**

**'n Nuwe sport in hierdie koor se ontwikkelingsgang word op Sondagaand, 9 Junie betree wanneer dit saam met 'n ander koor wat hoofsaaklik uit lede van die publiek bestaan — die kern is dr. Cillié se kerkkoor — 'n massiewe dubbelkoorwerk in die plaaslike stadsaal uitvoer.**

Philip McLachlan sal by die geleentheid die koor lei, en Chris Swanepoel sal die begeleiding waarneem op die elektriese orrel wat spesiaal vir die geleenheid verkry gaan word. Twee werke sal uitgevoer word, naamlik die Missa Solemnis van Boezi en die Te Deum van professor Jannasch.

Ernesto Boezi is 'n vrywel onbekende Italiaanse komponis van hierdie eeu — en enige komponis, hoe modern hy ook al mag wees, is voorwaar onbekend as daar niks omtrent hom in die lywige „Grove's Dictionary" vermeld word nie. Hoe dit ook al sy, diegene wat skrik vir die woord „modern" is verniet bang. Die musiek, wat in 1950 deur dr. Con in Rome raakgeloop is, is verstaanbaar — en groot.

Die werk verskil van die gewone mis („Ordinary Mass") — in vyf dele, naamlik Kyrie, Gloria, Credo, Sanctus en Agnus Dei — daarin dat daar 'n Benedictus na die Sanctus is. Dit mag onkonvensioneel klink, maar in werklikheid is dit nie: weliswaar is die Benedictus eintlik veronderstel om 'n deel van die Sanctus te wees, maar in die praktyk word dit dikwels los daarvan aangetref. Aan die musikale gang van die werk maak dit in elk geval geen afbreuk nie — die werk boei van begin tot end.

Dit is duidelik dat die funksie van die tweede koor hoofsaaklik aanvullend van aard is; daar is min selfstandigs in hulle deel. Veral treffend is verder die uitbouing van die kwartet na 'n sekstet in die Benedictus, en die herhaal van vroeëre temata in die Agnus Dei. Dié afsluitingsdeel is besonder treffend, veral in die dele waar al die stemme unisoon gaan om die dramatiese werk tot 'n roerend-gedra einde te laat kom.

Sonder om die talryke dramatiese passasies in die Te Deum van Jannasch uit die oog te verloor, kan daar tog met veiligheid beweer word dat dit 'n veel dartelender werk as die Boezi is.

Die kwartet wat in albei hierdie werke optree, is Judy van Niekerk (sopraan), Elise Lubbe (alt.), Abré Roux (tenoor) en Koos Bouwer (bas.). In die sekstettiese gedeelte van die Boezi tree Bettie Smith (sopraan) en Corrie van Eeden (alt) saam met die kwartet op.

Die Sondagaand hierna word die uitvoering in die nuwe Burgersentrum in Bellville herhaal. Dit is voorwaar 'n besondere eer en onderskeiding vir enige koor om genooi te word om net die aand nadat die sentrum met Van Wyk Louw se „Germanicus" geopen is, daar 'n uitvoering te gaan gee!

J.S.

# STEVENSON NA STELLENBOSCH

## S.R. wil besoek reël

**MNR. ADLAI STEVENSON mag moontlik binnekort die Studente-Unie op Stellenbosch kom toespreek. Die Studenteraad wend pogings aan in dié verband.**

Twee jaar gelede het mnr. Stevenson 'n kort sakebesoek, op uitnodiging van 'n Randse sakeman, gebring aan Kaapstad en Johannesburg. Hierdie tweede besoek is waarskynlik ook 'n sakebesoek.

Mnr. Stevenson is die leier van die Demokrate, die opposisieparty in die Verenigde State van Amerika. Alhoewel die Demokrate die beheer in die Senaat het, is die Republikeine, onder President Eisenhower, aan die bewind.

Die Voorsitter van die Studenteraad het van 'n Engelse dagblad in Kaapstad verneem dat mnr. Stevenson Saterdagoggend, 8 Junie in Kaapstad aankom en die oggend van 10 Junie na Johannesburg vertrek.

Die Studenteraad het toe besluit om hom te vra om die Studente-Unie te kom toespreek. In dié verband is die Amerikaanse konsulaat genader, maar hulle dra nie kennis van mnr. Stevenson se voornemende bewegings hier ter lande nie.

Daar word nou onderhandel met mnr. Harry Oppenheimer, wie ook twee jaar gelede mnr. Stevenson se gasheer was.

Of mnr. Adlai Stevenson op Stellenbosch gehoor sal word op Saterdag, 8 Junie, bly dus nog 'n ope vraag.

## Bydraes vir Prisma

Alle bydraes vir PRISMA moet voor of op 10 Junie ingehandig word by die S.R.-kantoor of by die Redakteur, kamer 22, Simonsberg.

Alle bydraes moet op een kant van die papier geskryf wees en dit moet getik wees indien moontlik.

**Let op die S.R. pryse!** Bydraes vir PRISMA word in aanmerking geneem vir hierdie geldpryse.

Ons ontvang graag enigiets van kortverhale tot wetenskaplike artikels — enigiets. Sluit 'n gefrankeerde koevert in as u u bydraes terug wil ontvang.

A. H. DE VRIES,
(Redakteur).

# Interdebat met Ikeys

**Sowat honderd-en-dertig Maties het Vrydagaand, 10 Mei, Ikeyland binnegeval om menings te gaan wissel oor die wenslikheid van Universiteitsapartheid.**

'n Baie interessante bespreking van die aangeleentheid, waarin sowel Ikeys as Maties beide kante van die saak ondersteun het, en baie interessante argumente aan albei kante geopper is, het gevolg.

Na die bespreking het die „Sociological Society" van U.K., die Maties vergas op lekker boeretroos en toebroodjies wat toe baie welkom was, en so is 'n baie aangename aand op gesellige wyse afgesluit.

„SKIMPIE," sê 'n maat van my mos toe Saterdagaand vir my, „hoekom is dit dan dat ek hoor die Ikeys verwerk liedjies soos ,Daar kom die wa' en ander van Afrikaanse oorsprong en julle liedjies het min of meer almal 'n Amerikaanse of Engelse agtergrond?"

„Gasvryheid van weerskante en ons neem mekaar se gevoelens in ag, ou maat," het ek toe geantwoord en geweet ek praat nie heeltemal die waarheid nie.

„In die haak en baie mooi Skimpie," het hy toe geantwoord. „Maar een of twee Afrikaanse liedjies sou in Matieland ook nie onvanpas gewees het nie."

„Boet," het ek gesê," alles wat kom kom maar uit die gees van die tyd uit voort. Ons wil gas vry wees."

„Skimpie," het hy skielik kwaad geword, „jy weet so goed soos ek dit het met 'n goeie gasvryheid niks te doen nie! Moenie sonder om jou oë te knip staan en spek skiet nie. Ek sê nou vir jou dis net een iets — 'n groot skande en niks meer nie . . ."

„Ja, boet," sê ek toe. „Jaaa . . ."

## So Staan Sake, Beweer Skimpie

### Finale Intervarsity reëlings

Luister nou mooi Dames en Here. Die vol tjapkaartboekies word vanaand ingeneem. Almal wat my nie ken nie — dit is nooit Skimpie lees nie moet hulle boekies seker ingee. As julle my ken — dis O.k. Kom haal julle komplimentêre kaartjies so gou as moontlik seksie Ioo, kamer 10 in Sonbreek. Môre sal by die koshuise opkom wie almal plekke gekry het. Ons gee 1,000 kaartjies, maar het maar vir 500 plek. Kom dus vroeg om verseker te wees dat u plekke kry.

En dan moet daar nog van die Besem ook 'n halwe bladsy op die boekie geplak word. As goeie Maties het u seker almal een gekoop. Dan bring u net 'n halfkroon saam vir by die hek en 4/- vir die klere. As u nog nie bankrot is nie — boet, dan het ek groot agting vir jou Pa se sak!

Skimpie se boodskap aan die galery: Vriende wat genoeg pomp — kry nie een kaartjie nie; kry 'n klomp.

### Vraag

En kan een van julle miskien vir my sê wie die Studenteraad is op Stellenbosch en wat hulle doen. Ek kon dit in die kleure-eksamen nie beantwoord nie . . . Ek wou ook nie, want ek is nie op dié Raad nie . . .

### Taalgebruik

Toe ek die eerste keer „wragtag" gesê het, het my Pa gesorg dat ek met gevoel dit nooit weer sê nie. 'n Vloekwoord is en bly 'n vloekwoord. Selfs in 'n Intervarsity liedjie is dit so . . . As honderde kele gelyk vloek word dit nie 'n nuwe woord vir die woordeboek nie. En met 'n eens-admisant aan die roer verwag 'n mens nie massa-swets onder die bemanning nie . . .

### Komplimentêre kaartjies

Ek, Skimpie, het op die pawiljoen gesit. Agter my het iemand gesit, wat ook op die pawiljoen gesit het. So tussen die sang deur het ek hom gehoor sê: „Daai was amper so 'n mooi liedjie as die nuwe een wat ons gehad het die jaar toe ek hier klaargemaak het" . . . Hy het op die komplimentêre plekke gesit en sê maar ek, wat Skimpie is, het gesê hy het met geen reling of wat ook al in verband met Intervarsity iets te doen gehad nie. Maar dat hy daar gesit het was waar . . .

* * *

"Daddy, why . . .?" he began, for the twentieth time that evening.

"Look here," said his exasperated father, "have you ever heard of the little boy who asked so many questions that he was turned into a question mark?"

The child pondered over this.

"But, Daddy," he said at last: "How did he manage to keep the dot under himself?"

* * *

### T.B. TOETSE

**Geen T.B. toetse sal hierdie semester gereël kord word nie aangesien dit nie vir die Sanatorium moontlik is om studente te ontvang nie. In alle waarskynlikheid sal dit egter wel moontlik wees om volgende semester 'n besoek te reël.**

**NONNA BUHRMANN.**

*Ons Wedstryd*

# DIE IDEALE MATIE IS 'N LANDBOUER

**MET genoeë maak DIE MATIE nou die uitslag van „Ons soek die Ideale Matie" bekend. Hoewel die dames nou nie juis gereageer het soos oorspronklik gehoop is nie, blyk die volgende nogtans die verteenwoordigende mening van al die dames op Stellenbosch te wees.**

As 'n man nou byvoorbeeld besluit het om Landbou te loop, dan is die deure van talle dameshartе vir jou wawyd oop. Ja, amper net so wyd as die deure van die motorhuis saans as dié baas sy motor intrek.

Dat hy ook nog 'n senior en rugbyspeler moet wees om as die populêrste man op hierdie akker beskou te word, is nog verstaanbaar. Maar die feit dat 'n arm mân bo 'n ryk een verkies word, is net so onverstaanbaar as die feit dat 'n Landbouer 'n geelwortel vir 'n baal wol kan aansien. Veral as in aanmerking geneem word dat alle Landbouers óf nou motors en plase besit óf nog sal besit.

Net soos in die dae toe 'n Landbouer nog landbouer was, is die slagspreuk van die dames nog altyd, tot vandag: „Tall, dark and Handsome". En hier is nou 'n goeie „tip" (of is dit nou 'n „fooitjie", Oom Piet?) vir alle jong-gekysdes en aspirant-gekysdes —

Wees ervare, al is dit jou eerste besoek aan een van die dameskoshuise se goed beskutte tuine en toebehore. Betoon daarby ook nog simpatie teenoor die dametjie omdat die bank so hard en ietwat ongemaklik is, en jy sal die lewe kan begin geniet, glo my!

Jou sosiale lewe moet soos volg ingelig wees: Hou jou natuurlike status — d.w.s. moenie 'n „pose" optel nie — want, ou maat, as natuurkind sal jy hoog aangeskrewe staan. Besoek die fliek so dikwels moontlik — en sit ver van daardie skynbaar dowwe ligte, die res behoort jy te weet! Hou die kennisgewingborde dop vir moontlike kultuurkonserte en bespreek vroeg vir twéé om teleurstelling te voorkom. As jy nie 'n dansplek besit nie, wees glad nie bekommerd nie — daardie klas staan vyfde op die lys. Het jy ambisies soos moontlik S.R.-lid gehad? Neem nou my raad, ou boet: Vergeet daarvan!

Net sodat ons ander klomp wat nie aan die vereistes voldoen nie, kan sien hoe groot ons kanse is, hier volg die volledige stemming in volgorde van belangrikheid. (Sien die spotprent).

**Kursus:**

Landbou
Ingenieurswese
Regte
B.Sc.
Tokkelokke
B.A.
Medies
Handel, Soldente
Jokl

**Finansieel:**

Arm
Ryk
Insolvent

**Jaar:**

Senior
Eerste
Veteraan
Junior

**Sport:**

Rugby
Tennis
Atletiek, ens.

**Geaardheid:**

Ervare en simpatiek
Vaderlik en vriendelik
Dominerend en vurig
Intellektueel
Amoreus

**Lengte:**

Lank
Ordinêr
Kort

**Voorkoms:**

Donker
Blond
Kroes
Rooi

**Sosiaal:**

Natuurkind
Flieker
Kultuurkonsertganger
Danser
S.R.-lid

Vandag plaas ons 'n stembriefie wat alle mans moet invul. Hier wil ons die eerlike opinie van die mans hê van hoe hulle dink die ideale Meisie op Stellenbosch moet wees.

* * *

"What is an optimist?" asked the quizmaster.

Contestant: A man who marries at 85 and looks around for a house near a school.

*DIE IDEALE MATIE*




## KIES U IDEALE MATIE-NOOI

**Al die mans moet asseblief hierdie vorm invul en aan hulle primarii oorhandig. Sluitingsdatum: 31 Mei.**

**KURSUS:**

Jokl ..........
Huishoudkunde ..........
Medies ..........
Musiek ..........
Drama ..........
B.A. ..........
B.Comm. ..........
B.Sc. ..........
H.P.O.D. ens. ..........
Tamboernooi ..........

**GEAARDHEID:**

Atleties en Wakker..........
Amoreus ..........
Onervare en Bangerig..........
Skugter dog Huislik..........
Intellektueel ..........

**SOSIAAL (Nommer asb.)**

Danster ..........
Fliekster ..........
Sitkamerbespreekster..........
Volkspeelster ..........
Rock 'n Rolster..........
Natuurkind ..........
Parker (nie '51 nie)..........
Huiskomlid ..........

**JAAR:**

Eerste ..........
Tweede ..........
Senior ..........

**FINANSIEEL:**

(a) Motor ..........
Sonder Motor ..........

(b) Pa:
Baie Ryk ..........
Toegeeflik ..........

**VOORKOMS:**

(a) Brunette ..........
Blondine ..........
Rooikop ..........
Muisvaal ..........
Donker ..........

(b) Mooi ..........
Gaaf ..........

**SPORT (vul in):**

● **Elkeen het net een stem per afdeling, behalwe by ,sosiaal', wat in volgorde van belangrikheid genommer moet word.**


# APTEKERS

***Probeer Ons***
***Vir Afdrukke***
***En Vergrotings***
***Van U Negatiewe***

**GROOT VERSKEIDENHEID VAN KAMERAS**

**JOERNING EN SEUN**
**(EIENS.) BPK.**
**FOON 24**
**H/v BIRD- en PLEINSTR.,**
**STELLENBOSCH**

**Met 'n Opgeleide Fotograaf**
— bied —
**EDRICH**
**kwaliteit aan**
hetsy —
**PORTRETSTUDIES**
**HUWELIKE of**
**GROEPFOTO'S**

**PIKKIE BLOMMAERT**
**MANSUITRUSTER**
**PLEINSTRAAT 61**
(Voorheen A.—A.-Onderneming)
**Pragtige nuwe voorraad mansuitrusting reeds hier en nog baie aan die kom**
**ONTHOU!!**
Pikkie Blommaert is die enigste oud-Matie wat mansuitrusting in Stellenbosch verkoop
**KWALITEIT GOEDERE TEEN REDELIKE PRYSE**

# Die Matie

**REDAKSIE**

**HOOFREDAKTEUR:** WOUTER JORDAAN (Du Toitstraat 15)

**SUBREDAKTEURS:**
**TEGNIES:** JAN PRETORIUS (Huis Visser)
**NUUS:** CHARL THERON (Simonsberg)
**KUNS:** HENNIE AUCAMP (Helderberg)
**SPORT:** AL GERMISHUYS (Joubertstraat 4)

**VERSLAGGEWERS:**
**NUUS:** MARTHA MOSTERT (Huis de Villiers); STEVE DU TOIT (Wilgenhof); RUFUS DERCKSEN (Wilgenhof); ABRAHAM DE VRIES (Simonsberg); MATT STRYDOM (Simonsberg)
**KUNS:** JOHAN SMUTS (Huis Visser)
**SPORT:** MELBA MALAN (Huis de Villiers); LOUIS WESSELS (P.S.O.)

**ADMINISTRASIE:**
**FINANSIES:** TASSIE NEL (Huis Visser)
**ADVERTENSIES:** GERHARD DE KOCK (Dagbreek)
**SIRKULASIE:** JOHAN THIART (Wilgenhof)
**SEKRETARIS:** ANDREW MARAIS (Simonsberg)
**FOTOGRAFIE:** W. DU PREEZ (Helderberg)

**VRYDAG, 24 MEI 1957**


# Nabetragting

Die spanning en uitbundigheid van vanjaar se Intervarsity is reeds aan die kwyn, om plek te maak vir 'n ontnugterende akademiese herlewing onder al wat Matie is.

Die gemiddelde student het sy deel gehad aan sangoefening, strooptogte en 'n skitterende rugby-oorwinning oor die Ikeys. Die professore het vir een salige dag in geesdriftige koffiedrinkers ontpop, om maar weer die week met onwrikbare lesingserns te hervat. Met die groot dag van die jaar verby, loop rugbyheld, dirigent, en Intervarsity-komitee weer klas soos die boer van ouds sy hand aan die ploeg geslaan het nadat hy op kommando die groot stryd aangeknoop het.

Maar dis 'n gewillige studentegroep wat hulle so oorgee aan die maande wat kom, 'n groep wat alles gegee het om 1957 se Intervarsity gedenkwaardig te maak in Stellenbosch se rugby-annale. Dit is egter nie die blote feit dat ons gewen het wat hierdie dag gedenkwaardig maak nie. Dit is die uitstekende gees waarin die wedstryde gespeel en ondersteun is en die seepgladde organisasie van die Matie-pawiljoen wat 1957 vir ons onvergeetlik gemaak het.

„DIE MATIE" dra sy dank oor aan almal wat die sukses van Saterdag moontlik gemaak het. Aan James Starke en sy manne op die veld, en aan die Intervarsity-komitee vir die vlot reëlings op die pawiljoen, namens al ons lesers: „BAIE DANKIE!"


*Die Panorama Kafee*

**Vir die student wat**

★ **DIE HOOGSTE KWALITEIT**
★ **DIE BESTE DIENS**
★ **GOEIE MUSIEK**

**kan waardeer**

***'n Aangename en gesellige atmosfeer en altyd 'n warme ontvangs.***

**ANDRINGASTRAAT** **Foon 1091**



***Baie Geluk Maties met julle wonderlike prestasies met Intervarsity!***

**Kyk net hoe swierig het die Matie-dirigent se swawelstert geswaai!**

Weer eens, soos in die verlede, is die Matie-uniform gesny en gemaak deur ons puik snyers

**AS U DORS IS, KOM NA DE WET SE KOFFIEKROEG**

**Lekker vars Kenna koffie. Warm Vleispasteie word bedien in**

***DE WET SE KRUIDENIERSAFDELING***

**GEBRS. DE WET**

**Posbus 21** **Foon 19, 20, 21 en 22**

**STELLENBOSCH**


# "STELLENBOSCH WOMEN — A MENACE TO OUR UNIVERSITY!"

**"Not a Misogynist" writes:**

**Before I begin I would just like to make it clear that I am a reasonable man and not addicted to making extravagant statements. But this particular problem has long worried me and I would like to put it to your readers. It concerns the women-population of Stellenbosch and their right to attend this university.**

It is this particular right that I question and which I contend on several grounds. Since the sad day of female emancipation women have advanced in all fields of activities. Unfortunately they seem not to have realized that this very advancement has done irreparable harm to their status as women. They have invaded every male sphere, to such an extent that one finds women in positions from bus-conductors to cabinet ministers. And so too they have invaded the academic institutions of our country. This deplorable process will lead to the crumbling of our Western civilization and the disruption of our modern society, inter alia for the reasons mentioned hereafter.

Let us first examine the reasons for their attendance at university.

**The vast majority of women come to Stellenbosch merely for the social life and marital prospects which exist here. To have a large body of students at university merely for this purpose is necessarily detrimental to an academic institution.**

Thus by their purely non-academic interests they lower the standards of the teaching in our lectures. This lowering of academic standards is a most serious question, and one can only deplore the fact that it is allowed to continue. The presence of female students also affords a menacing distraction to the male students. Work is often disregarded for the useless occupation of amusing women. In the major social activities of our university e.g. the Rag, women play a minimal part in the actual work done. They are far more ready to enjoy themselves than to let themselves in for any hard work. They are unreliable when entrusted with any kind responsibility or work and usually perform even the most unimportant functions in a casual and inefficient manner. This I believe is particularly characteristic of Stellenbosch women.

Essentially, a woman's sphere is a social and domestic one. A university education is thus useless to them and harmful to the university itself. It can be said that a university education will help a woman to perform her function in life, but the money wasted in sending a girl to university would be better spent were it used to send her to a finishing school for a year and then overseas for a short period. Thus it would be performing a service to them and also saving our universities from what is becoming a desperate plight.

**I do not expect this letter to come to the attention of women here, as I am well aware they merely read the gossip column and perhaps the headlines, but I would like to bring this to the attention of your male readers.**

In the meantime I live in the hope that our university will one day again become a true academic institution, and not a marriage-bureau for man-hunting females.

# ALTERNATIEF VIR KLEURE-EKSAMEN?

**„OU MAN", Dagbreek, skryf:**

Met belangstelling en verwagting het ek „Fossiel" se brief gelees. Ek voel ook die kleure-eksamen is, soos hy tans bestaan, nie te baie groot sukses nie.

Maar met Fossiel se brief was ek teleurgesteld.

Hy beweer dat 'n student vroeër 'n Matie geword het deur die doop, maar dat Matieskap tans deur die aflê van 'n kleure-eksamen verwerf word.

Ek glo eerlik nie dat Matieskap net deur die doop of 'n kleure-eksamen verwerf kan word nie. En as „Fossiel" Matieskap sinoniem wil maak met die dra van 'n kleurbaadjie, dan nog gaan sy vergelyking nie op nie, want die doop was nie as vereiste vir die dra van kleure gestel nie.

Nee, die kleure-eksamen het slegs gekom omdat dit 'n funksie moes vervul wat vroeër deur die doop gedoen is, nl. om 'n klompie basiese feite omtrent ons Universiteit, en Studenteraad, volgens Fossiel, aan die nuwelinge te leer. Dit sal bv. maar sleg lyk as 'n eerstejaar nie eers weet wie se standbeeld agter die Carnegie Biblioteek staan nie, en waarom hy daar staan nie.

Indien ons dus „Fossiel" se negatiewe wenk sou volg, sou

(Vervolg op bladsy 5 kolom 2)

# WAT DINK U?

# ENGELS IN DIE „MODE!"

**„Eentalige tweetalige", Dagbreek, skryf:**

Ek het na Stellenbosch gekom onder andere met die gedagte om hier mense te vind wat werklik deur en deur Afrikaner is, mense wie se Afrikanertrots nie alleen bestaan uit ydele woorde en politieke swartsmeerdery (ek wou amper sê, „vergaderingopbrekery") nie. Ek het gehoop om hier te vind mense (en veral studente) wie se trots dit sal wees om Afrikanerskap konsekwent uit te lewe en op so 'n wyse dat dit die respek van enige buitestaander sal inboesem.

In 'n geringe mate is ek nie teleurgestel in my verwagting nie. Hier is mense vir wie hul volkstaal en volkskarakter erns is. Maar die teendeel is ongelukkig in baie gevalle ook waar. Mense, Afrikaans soos nog maar kan kom, loop hier rond en Engels praat. Ek wil hier dadelik byvoeg dat ek geensins verwys na Engelssprekende Maties nie, maar na Afrikaanssprekendes vir wie dit 'n manie geword het om met hul mede-Afrikaanssprekende studente Engels te praat. Ek let hierdie verskynsel veral by die damesstudente op, maar ook in 'n belangrike mate

(Vervolg op bladsy 5 kolom 1)


**Geniet die Meesterstuk ...in die Meester Grootte**




*Rembrandt*

**MEESTERS**

FILTER DE LUXE

DAAR IS GOEIE REDES VIR DIE MEESTER GROOTTE

Kopiereg RMFA 4




**In die jongste tyd was daar meer as net Intervarsitysake om 'n mens bedrywig te hou. Appie van Wyk het 'n prikkelende kunsuitstalling agter die rug; die Kaapse Universiteitsballet het „Swanemeer" met swier kom aanbied; Peter Katin het 'n geslaagde klavieruitvoering gelewer; en dan was daar 'n hele paar flieks wat 'n besoek verdien het.**

Ek dink bv. aan „The Searchers" van die beroemde John Ford — en laat niemand smaal omdat dit 'n „Western" is nie, want 'n goeie „Western" is so skaars as enige ander goeie prent! Verder het „I am a Camera", met die beminlike Julie Harris as Sally Bowles, beslis 'n herbesoek geregverdig.

Vanselfsprekend begin die beursies dun raak, maar 'n mens kan altyd met voordeel terugval op 'n vorm van tuisvermaak wat al hoe meer veld begin wen, nl. Radioteater.

### *Radioteater:*

Die S.A.U.K. het besluit om 'n hele reeks oorspronklike hoorspele as deel van hulle mondigwordingsvierings aan te bied. Elke Vrydagaand om ongeveer 7.40 nm. word nog 'n hoorspel aangebied.

In hierdie reeks is al hoorspele van o.a. Van Wyk Louw, D. F. Malherbe en Henriette Grové aangebied. Op 14 Junie kan u luister na 'n hoorspel van ons eie Abraham de Vries: „Hoog teen die Heuningkrans". Dit is gebaseer op die titelverhaal van sy mooi bundel kortverhale. Baie geluk, Abraham!

### *Hamlet:*

„DIE MATIE" is danbaar dat mnr. Robert Mohr ten spyte van drukke werksaamhede kans gesien het om persoonlik die volgende inligting in verband met sy „Hamlet"-opvoering te verskaf:

„Die idee van ARENA '57 kom uit die kernprobleme van die Suid-Afrikaanse toneel: ons het byna geen teaters nie, 'n klein, dun-verspreide bevolking wat nie teaters en duur opvoerings kan in stand hou nie, en ons soek nog na 'n indiwiduele toneelstyl, eie aan ons land, ons volk en ons tyd. ARENA '57 is 'n eksperimentele teater-in-wording, wat byna geen permanente fisiese eienskappe behalwe sy vier mure het nie, waarin ons met verbeelding bevry van vooropgestelde idees van wat toneel behoort te wees, kan probeer om ons eie stem te vind. Ons wil daarin worstel met die probleme van toneel, maar bowe-al wil ons daarin prikkelende, lewende toneel probeer skep, wat altyd so nuut soos die naam ARENA '57 sal wees. ARENA '57 mag met „Hamlet" se laaste opvoering verdwyn. Maar ons hoop dat dit jaar na jaar as ARENA '58, '59, 60 ens. herbore sal word, met 'n steeds wisselende vorm, wat dit altyd jonk en lewenskragtig sal hou.

„As dit slaag, sal dit 'n plek wees waarin ons studente kan leer hoe om toneel in enige plek in ons land te skep, met tyd, ruimte en verbeelding as hulle enigste voorvereiste. En Stellenbosch sal nie meer 'n teaterlose dorp wees nie, maar 'n teater besit wat uniek in die wêreld is, en altyd modern sal bly.

„As ARENA '57 sy debuut maak met die première van „Hamlet" op 11 Junie, sal sy toerusting nog beperk wees. Maar hy sal probeer wys hoeveel bereik kan word as geperkte middele tot 'n bate en 'n bevryding van konvensie omskep word.

„HAMLET, wat nou in die finale stadium van voorbereiding is, is die mees ambisieuse toneelpoging wat nog ooit plaaslik onderneem is. In elke opsigte is dit 'n eksperiment. Die uitgangspunt is 'n poging om 'n klassiek van die museumagtige kwaliteit van 'n konvensionele opvoering te bevry, en dit as 'n moderne stuk te benader, wat vir 'n moderne gehoor 'n prikkelende en opwindende toneelervaring kan besorg.

„Die opvoering, op 'n unieke oop verhoog wat spesiaal vir dié doel geskep is, streef na 'n vinnig-bewegende, kleurvolle effek, wat die betekenis van die stuk dinamies en direk, en op skouspelagtige wyse aan 'n moderne gehoor kan meedeel. Alle oortollighede is afgestroop ter wille van helderheid.



ROBERT MOHR

„Ontsaglike moeite word gedoen om 'n afgeronde, tintelende geheel te skep. Die vertolking van die teks, die speelstyl, die toneelinkleding, die beligting en die klankeffekte (daar is byna 70 van hulle!) is sonder presedent. Die mate van sukses van die aanbieding is daarom onvoorspelbaar tot ná die eerste opvoering. Ons hoop dat die gehore dit minstens stimulerend sal vind; ons wat daarmee betrokke is, sien iets groei wat vir ons 'n ontsaglike betekenis het, maar dit is 'n sprong in die donker.

„Dit is nog steeds die moment wanneer die verhooglig te voor die oë van die eerste gehoor daarop val wat die ware betekenis van 'n toneelopvoering openbaar."

### *Anny Lambrechts:*

Die Belgiese alt, Anny Lambrechts, wat tans aan die plaaslike Konservatorium as sangleermeesteres verbonde is, gee vanaand om 8.15 'n liederuitvoering in die Konservatoriumsaal, by welke geleentheid sy deur Christie Feros op die klavier begelei sal word.

Anny Lambrechts het 'n kontinentale opleiding ontvang, en het reeds dikwels en ook met sukses in Europa opgetree. Sy is getroud met die bekende begeleier José Rodriques-Lopez wat geen onbekende op Stellenbosch is nie.

Hierdie kunstenares se program sluit dikwels min gehoorde werke in, en vanaand sing sy werke van Bach, Händel, Wolf, Mahler, Debussy Janácek en Bartók, asook 'n paar Meksikaanse kinderliedere. Plekbespreking kan by Justus gedoen word, en die toegangsgelde beloop 5/- vir die algemene publiek en 3/6 vir studente.

# Katin Speel Manjifiek

**IN 'n klavieruitvoering wat gevarieer het van musiek so uiteenlopend soos Scarlatti en Bach se klassieke gegewendheid tot Debussy se troebel klankvloeiings; van Mozart se intieme fynheid tot Liszt se bravura, het die besoekende Britse pianis, Peter Katin, verlede Vrydagaand getoon dat hy een van die veelsydigste en briljantste pianiste is wat Stellenbossers nog ooit gehoor het.**

Dit is duidelik dat Katin speel in die gees van sy Britse voorgangers soos Myra Hess, Solomon en Denis Matthews: die musiek word sober benader en tegniek is slegs 'n middel tot 'n doel; anders as wat 'n mens soms voel by pianiste van byvoorbeeld die Russiese skool soos Horowitz, Brailowsky, Gilels en Malanin, om maar net 'n paar te noem.

'n Mens hoor selde 'n jong pianis wat soveel van die essensiële deugde van 'n groot pianis in hom verenig het as Peter Katin. Hy besit tegniek, aanvoeling, simpatie, toewyding, begrip en (vir my die mees uitstaande kenmerk in sy spel) 'n ongelooflik delikate aanslag wat tog by tye die nodige vuur en krag kan hê.

Die program het begin met twee sonates van Scarlatti, wat onbeskryflik teer en liefkosend gespeel is. Katin se Scarlatti het herinner aan die van die groot Lipatti — en geen groter lof kan enige pianis seker ooit toegeswaai word nie.

Bach se Chromatiese Fantasie en Fuga wat hierop gevolg het, is ook klassiek, maar tog heel anders van aard as Scarlatti. Hier het Katin 'n veel virieler toon as in die Scarlatti geproduseer, en was sy spel so glashelder as wat 'n mens maar kan wil hê. Die passasiewerk is wonderlik egalig gespeel, en sy pragtige sterk linkerhand — wat hom later in die Liszt so goed van pas gekom het — het diepte aan sy toon in die Fuga verleen.

**VERWANT**

Mozart se Fantasie (K. 475) en Sonate (K. 457) in C mineur wat hierop gevolg het, is twee verwante werke wat bedoel is om saam uitgevoer te word, soos wat Katin dan ook gedoen het. Die Fantasie klink meer na vroeë Beethoven as na Mozart, maar die Sonate self is net so tipies Mozart as enigiets anders wat Mozart ooit geskryf het.

Katin se spel was afwisselend rats, fyn, simpatiek en teer, net soos die werk dit op die gegewe moment verlang het. Veral die ratse wyse waarop hy die fyn dekoratiewe gedeeltetjies gedoen het, was treffend. Hierdie was van die allerbeste Mozart wat nog op Stellenbosch gehoor is.

Debussy se Suite Bergamasque wat na pouse gevolg het, is 'n werk van 'n volkome ander idioom, en ook hierin het Katin volkome opgegaan. Hy het 'n atmosfeer geskep — selfs in die afgesaagde Claire de Lune wat nuwe lewe onder sy hande gekry het — waarvan elke lid van die gehoor eenvoudig móés bewus word.

**Met Liszt se Sonate in B mineur waarmee die program afgesluit is, het die uitvoering uit tegniese oogpunt beskou, beslis sy hoogtepunt bereik. Katin se spel hier was onbeskryflik briljant. Dit is 'n onmoontlike taak om spesifieke gedeeltes uit hierdie skitterende vertolking uit te sonder, maar ek dink tog dat die ontsettende dubbelkoordpassasies spesiale vermelding verdien, en ook die stil slotdeel waar hy diep deurvoelde spel gelewer het.**

Tog was Katin se grootste triomf in en oor hierdie dionisiese werk nie die tegniese nie, maar wel die feit dat hy tog daardie tegniek (in so 'n mate as wat Liszt dit moontlik gemaak het!) aan die musikale waarde van hierdie werk ondergeskik gehou het, hoe gering daardie musikale waarde dan ook al miskien mag wees. Juis die feit dat hy nie alleen die vuurwerk-gedeeltes nie, maar ook die meer liriese gedeeltes oortuigend vertolk het, het sy vertolking gebalanseerd en uiteindelik geslaag gemaak.

'n Mens hoor selde of ooit 'n kunstenaar van wie 'n mens feitlik elke noot eenvoudig móét aanvaar. Katin is een van hulle. Tereg het daar dan ook aan die einde 'n spontane en aanhoudende toejuiging gekom — ook die gebruiklike bravo's en encore's wat Stellenbosse gehore al weet uit welke oord dit afkomstig is!

J.S.

## „DIE MATIE"

**Die volgende uitgawe van „DIE MATIE" verskyn op Vrydag, 14 Junie. Weens die langnaweek volgende week het die redaksie besluit op twee agtereenvolgende uitgawes in plaas van 'n uitgawe op Woensdag, 29 Mei.**

# BESONDERE UITSTALLING VAN KATEDRAAL - FOTOGRAFIE

**AAN die Suid-Afrikaanse Kunsvereniging en die Afrikaans-Duitse Kultuurverdrag het Stellenbosch 'n heel besondere foto-uitstalling te danke gehad. Die fotos is deur die beroemde Duitse fotograaf, Walter Hege, geneem, en het as onderwerp die katedrale én hulle beeldhouwerke van Bamberg en Naumburg. Dr. Von Molkte, kurator van die Nasionale Kunsgalery in Kaapstad, het die uitstalling geopen.**

Beide katedrale dateer uit die vroeg-elfde eeu en beide vind hulle finale beslag in die dertiende eeu. Daar is ook 'n uiterlike ooreenkoms tussen die twee katedrale, naamlik vier toringspitse wat in beide gevalle bokant al die ander geboue uittroon en die hele stad oorheers.

Maar dit is aan hulle beeldhouwerke dat hierdie katedrale hulle bekendheid te danke het. Verskillende stylsoorte kan in die beeldhouwerk van die Bamberg-katedraal uitgeken word soos die laat-Romaanse styl wat eenvoudiger is as die latere Gotiese styl waarin bv. die Maria- en Elizabethfigure gebeeldhou is. Hierdie twee figure is onvergeetlik in hulle beweeglikheid; 'n beweeglikheid wat nie alleen uiterlik is soos in die ryk draperings van hulle klede nie, maar ook innerlik, soos uit hulle gesigsuitdrukkings blyk.

Onvergeetlik is ook die Ruiterstandbeeld. Die ruiter staar in die verte, maar hy staar na 'n definitiewe voorwerp. Sy houding is fier; sy gelaatstrekke edel. Hy is, in die woorde van dr. Von Molkte, 'n verpersoonliking van die ideale ridder.

Waar die beeldhouwerk nie altyd 'n eenheid met die argitektuur in die katedraal van Hamburg vorm nie, is die omgekeerde waar van die katedraal te Naumburg. Trouens, dit is juis die harmonie tussen beeldhouwerk en argitektuur wat hier die sterkste opval. Die beeldhouwerk is van 'n warme menslikheid, met liefdevolle aandag vir besonderhede — vgl. **Die Laaste Avondmaaltoneel.** En dan is daar die aristokratiese paar, Hermann en Reglindis. Die glimlag van Reglindis oorspan eeue en plaas ons voor 'n mens so enmiddellik-werklik as dié waarmee ons daagliks omgaan.

'n Besoek aan hierdie uitstalling het 'n estetiese genot van 'n hoë orde beteken.

H.A.

---

The teacher was giving a health talk to her class, and warned them never to kiss animals or birds."

"Can you give me an instance of the dangers of this, Jackie?" she asked.

"Yes, miss, my Aunt Alice used to kiss her dog."

"And what happened?" asked the teacher.

"It died."

MAAK
DIE KOÖP
U WINKEL

Vir al u
MUSIEKBENODIGDHEDE
— BESOEK —
D. JUSTUS
Die Erkende Musiekwinkel
PLEINSTRAAT STELLENBOSCH
Afsonderlike afdeling vir WAPENS en PATRONE

HEINS
Fietswinkel
— vir —
FIETSE
DORPSTRAAT 59
PLEINSTRAAT 15

# BALLET VAN HOË GEHALTE

## MEESTERLIKE AFRONDING

**DIE Kaapstadse Universiteitsballet het op 11 Mei voor 'n stampvol gehoor in die Stadsaal die volledige „Swanemeer" van Tjaikofsky aangebied. Alhoewel die ondersteuning van die Stadsorkes nie altyd na wense was nie, was die ballet self, met uitsondering van die eerste bedryf, tot in die punte toe versorg.**

Die totaalindruk wat die opvoering gelaat het, was dié van artistiese afronding. Beligting, groepering, kostumering, dekor — in alles kon die hand van 'n meester gesien word. Verder het die **corps de ballet** die hoofdansers deurgaans op deeglike wyse ondersteun.

Die danseres wat vanselfsprekend vir spesiale vermelding uitgesonder moet word, is Pamela Chrimes. Die rol van die Swane-prinses is miskien die veeleisendste in die balletrepertoire; veeleisend in dié opsig dat dit nie alleen om tegniese vituositeit van die hoogste kaliber vra nie, maar die Swaneprinses moet ook 'n uitstekende aktrise wees. Sy moet die kontras tussen Odette en Odile baie subtiel beklemtoon, want as laasgenoemde moet sy nog so sterk herinner aan Odette dat Siegfried deur die ooreenkoms bedrieg kan word. Terselfdertyd, egter, mag die gehoor vir geen oomblik twyfel aan haar listige voornemens nie! Persoonlik voel ek dat mej. Chrimes te veel op die verskille tussen die twee karakters gekonsentreer het.

As danseres het sy met haar grasie en uitstekende tegniek bekoor. Behalwe vir die **fouetés** in die derde bedryf — 'n kragtoer! — het sy nooit enige tekens van vermoeienis getoon nie.

Peter Cazalet het as Siegfried 'n weldeurdagte vertolking gelewer. Sy **grand jetés**, ook in die derde bedryf, het op skouspelagtige wyse sy ekstase by die aansien van sy vermeende Odette vertolk. Die daaropvolgende **pas de deux** van Siegfried en Odile kan as die hoogtepunt van die opvoering beskou word.

Verdere solodansers wat vermelding verdien, is Chris van Niekerk (Benno) en Jennifer Craig (die Koninginmoeder).

'n Woord van opregte dank aan die instansies aan wie ons hierdie mooi uitvoering te danke het, nl. Dulcie Howes (Bravo!) en die Joolkomitee van die U.S.

H.A.

---

(Vervolg van bladsy 3, kol. 5)

by die mansstudente. Ek kan tot geen ander gevolgtrekking kom nie as dat hierdie mense maar net daarop uit is om „shine" te vang, maar dat hulle nie daarin slaag nie, kon ek ook vir hulle verseker. 'n Mens kon eintlik vir so een sê: „Drop jou pose!"

### GERADBRAAK

Wat ek net wil weet is dit: is julle skaam vir jul eie taal? In hemelsnaam, wat kom soek julle dan op Stellenbosch? 'n Mens kon nog nooit anders wees as wat 'n mens regtig is nie, en al gooi jy ook die Rooitaal dat jou lippe bars (en 'n belangrike kenmerk van hierdie mense is dat hul Engels maar betreklik geradbraak is), sal jy nog nie 'n Engelsman van jou maak nie. Maar die belangrikste bowenal is dat jy geensins op 'n ordentlike Engelssprekende Suid-Afrikaner enige indruk sal maak nie — want dit was een van die grootste Engelssprekendes van alle tye, Shakespeare, wat gesê het: „And this above all, to thine own self be true". Hoe weet ek al hierdie dinge, vra u? Sien, ek is self 'n Engelssprekende!

---

(Vervolg van bladsy 3, kol. 3)

ons daar nog slegter aan toe wees as nou.

**Moet ons nie liewer 'n stelsel ontwerp waarvolgens 'n student se belangstelling op verskillende gebiede van die studentesamelewing bepaal word nie en dan daarvolgens punte toeken wat sal bepaal of 'n student 'n kleurbaadjie mag aanskaf of nie?**

Die kleure-eksamen kan selfs miskien nog 'n onderafdeling vorm.

Ek weet nie, Fossiel, maar kan u nie positiewe wenke aan die hand doen nie? Miskien lees die Kleurekomitee jou brief. Ek het juis gehoor dié Studenteraad voel ook dat die kleure-eksamen, soos dit tans bestaan, nie 'n volkome sukses is nie.

---

# ASPIRANT-BANTOEKUNDIGES EN TOEKOMSTIGE HISTORICI GAAN SAAM TOER

**DIE Bantoestudiekring en die Geskiedenisvereniging reël 'n gesamentlike toer na Suidwes tydens die Junievakansie.**

**Die toer sal 22 dae duur, vanaf Donderdag, 27 Junie, tot Saterdag, 20 Julie. 'n Bus vertrek met die toeriste vanaf Stellenbosch en keer weer hierheen terug langs 'n gewysigde roete.**

Die toerspan wat reeds bekend gemaak is, beloof 'n baie interessante en leersame vakansie — besienswaardige van sowel geskiedkundige as volkekundige belang is ingesluit en die toer wat oor sowat 3,000 myl strek.

Hier volg nou enkele van die glanspunte van die toer — die Visrivier Canyon word op pad by aangedoen; Windhoek — by hirdie bekende stad 'n paar dae oorgestaan om alles te besigtig; Grootfontein — die grootste meteoriet in S.A. kan hier gesien word; Otsjikoto-meer; Ovamboland — 'n paar dae word hier oorgestaan en krale sal besoek word; Etosha-panne Wildreserwe — hier is daar 'n ou Duitse fort wat 'n merkwaardige geskiedenis het en Boesmans kan hier in hul natuurlike omgewing gesien word; Brandberge — 'n aantal Boesmanskilderye is hier deur 'n Duitse wetenskaplike ontdek, o.a. die bekende „Wit Vrou" van Suid-Wes — dit sal besigtig word; Gemsbokpark; Augrabiese Watervalle, en so meer.

Hierdie genoemde plekke is slegs enkele hoogtepunte, maar die reis gaan deur 'n wêreld waar veel meer vir die oog en oor is as wat beskryf kan word in hierdie kort bestek — 'n volledige toerplan kan by mnr. Bekker ter insage verkry word.

Inskrywings moet voor 10 Junie by die volgende persone geskied:

**Bantoestudiekring:** Kitty Moodie (Huis Dev.); Maat Bekker (V. Riebeeckstr. 38).

**Geskiedenisvereniging:** Louie Rademeyer (Huis ten Bosch); Maat Bekker.

**Persone wat nie lede van die twee verenigings is nie, is ook welkom. Lede sal egter voorkeur geniet.**

Die toerkoste bedra slegs £17 10s. vir lede en £18 vir nielede. Die bedrag sluit in vervoer- en verblyfskoste en etes.

---

# BRILJANTE FRANSE MIMIEKPRENT

**MET „Kunsfilms uit Vyf Lande" het die Filmvereniging 'n program aangebied wat beslis meer ondersteuning verdien het. Dit is die soort program wat tevergeefs by die kommersiële bioskoop gesoek word — en waaraan daar op 'n plek soos Stellenbosch tog sekerlik 'n behoefte bestaan?**

Die program het genoeg bevat om uiteenlopende smake te bevredig: Argitektuur (Italië); Mimiek (Frankryk); Keramiek (Japan); Skilderkuns (Duitsland); Opera (Kanada).

'n Prent wat kwalik te hoog aangeslaan kan word, is die mimiekprent **Un Jardin Public.** Merkwaardige fotografie, vlinderligte benadering, maar boweal die kuns van Marcel Marceau, maak van hierdie prent inderdaad 'n kunsprent. Marceau wat deurgaans in nargirmering optree, stel 'n groot aantal karakters voor, waaronder twee kletskouse, 'n priester, 'n ballonverkoper, 'n minnepaar, 'n parkopsigter, en so meer. 'n Klein, suggestiewe handgebaar, die flikkering van 'n wenkbrou of 'n mondhoek — en die geniale Marceau laat nóg 'n parkkarikatuur voor die gehoor leef. Sy spel besit die finesse wat net met groot kuns saamgaan.

Die oud-student wat al vasgeroes sit in sy betrekking, met huislike en maatskaplike sorge daarby, hunker soms na die geleenthede vir studie wat die huidige geslag van studente het. (En vergeet dat hy hulle ook

Die Japanse bydrae tot die program het bestaan uit 'n kleurfilm wat hierdie land se pottebakkery beide as kunsvorm en nywerheid beeld.

Van die Duitse Konsulaat is 'n kunsfilm oor die vyftiendeeeuse kunstenaar, Konrad von Soest, verkry. Von Soest is veral bekend vir sy altaar-ontwerpe, en dis juis van dié vertakking van sy kuns dat gedetailleerde opnames vertoon is. 'n Sober en gevoelvolle prent.

Die prent oor Italiaanse Kastele het 'n mens met 'n totaalindruk van rommeligheid en ongeïnspireerdheid gelaat. Oor die Kanadese prent voel ek ook maar lou, alhoewel dit 'n hele paar geestige momente bevat het.

Die vertoning is op 'n hoë noot afgesluit toe **Un Jardin Public** op spesiale versoek weer vertoon is.

H.A.

---

# Waters waar Rus is

# Die Gunstige Tyd

Die ou-kroks wat verlede Saterdag op die pawiljoen gesit of langs die veld gestaan het, het seker nie net terug gedink aan hulle eie dae as 'n ewe heroïeke tydperk nie. Hulle hande het gejeuk om daardie rugbybal te hanteer en daarmee te hardloop. Maar . . . hulle tyd is verby.

Die oud-student wat al vasgeroes sit in sy betrekking, met huislike en maatskaplike sorge daarby, hunker soms na die geleenthede vir studie wat die huidige geslag van studente het. (En vergeet dat hy hulle ook gehad het). Maar . . . die gunstige geleentheid is verby, en om hom weer te maak, kos geweldig méér inspanning.

Ek kyk na die tuin van my buurman in die groentetyd en beny hom sy groenteoes, terwyl my eie akker maar bra kaal daar uitsien. Ek kry die bewlieging om onmiddellik te gaan plant en woel en werskaf. Maar . . . die gunstige tyd het by my verby gegaan.

Ek kyk na die droë struik hier voor my deur. Ek het hom voorverlede jaar verplant. Verlede jaar het hy effens uitgebot, maar met die koms van die somer is hy dood. En ek weet, ek het te lank gewag om hom oor te plant. Hy kon nie meer 'n nuwe begin maak nie.

En ek kyk na die honderde studente hier — na hulle wat hulle jeugdige kragte nie te kosbaar geag het om aan die diens van die Meester te wy nie. Hulle skaam hulle nie om by Sy Naam genoem te word nie. En ek dank Hom dat dié gunstige tyd nie by my verbygegaan het soos 'n stroom by 'n dorre akker nie.

Oor 'n week kom ons saam in ons kerke om in groot getalle saam te bid. Dis Pinkster. Dis 'n gunstige tyd om terug te keer na die Vader; om die nuwe lewe te ontvang: om Christus te kies en verlos te word.

---


## Laat ons vir u Oë Sorg

**Die moderne lewensomstandighede verg dat 'n mens duidelik en sonder inspanning moet kan sien. Maak seker van u gesigsvermoë deur middel van:**

- ***OOGONDERSOEK***
- ***OOGTOETSE***
- ***VERKRYGING VAN DIE KORREKTE BRIL, INDIEN NODIG***

**Die moderne gekwalifiseerde optometris (oogkundige) is spesiaal opgelei om u te help met u gesigsprobleme.**

**Vir die inligting van die publiek word die volgende lid van die Vereniging te Stellenbosch toegelaat om die simbool van die Vereniging, soos hier afgebeeld, te vertoon en die letters „F.O.A. (S.A.)" te gebruik.**

**L. C. MULLER, Bestuurder**

**(J. MULLER en SEUNS (Eiens.) Bpk.)**

**United-gebou, Pleinstraat.**

Geplaas met goedkeuring van die S.A. Oogkundige Vereniging






**STELLENTIA bied u altyd die grootste verskeidenheid van kwaliteit handelsmerkprodukte — daarom koop al u vriende reeds by Stellentia.**

**STELLENTIA DRANKWINKEL**

**H/v BIRD- EN CROZIERSTRAAT** **TELEFOON: 1204**

**STELLENBOSCH**

# PROPVOL SOSIALE ALMANAK

As ons so deur die sosiale almanak blaai, sien ons net vrolike feesvierings—dinees en funksies wat reeds gehou is en nog 'n hele aantal wat in die toekoms wag.

- Oosterse Gees
- Duitse Biersaal
- „Willow Pattern"

## Simonsberg

Simonsberg het op Vrydagaand, 3 Mei, 'n „krieketwedstryd" as tema vir hul jaarlikse huisdinee gehad. Mnr. en mev. CLIVE VAN RYNEVELD en mnr. en mev. W. A. DE KLERK was eregaste. Na die uiters smaaklik ete het almal die fliek besoek om „The Living Desert" te sien. 'n Uiters aangename aandjie voorwaar!

## Lydia en Huis ten Bosch

Huis ten Bosch het in „oosterse gees" hul huisfondsfunksie op Saterdag, 4 Mei, gehou. Die oggend het die reën die verrigtinge ietwat gedwarsboom, maar die aand was die vrolike gees weer soos altyd daar, terwyl met die funksie in die koshuis voortgegaan is. Dit kan as heeltemal geslaagd beskou word.

Lydia het op Saterdagaand, 4 Mei, hul jaarlikse huisdinee gehou met „ondersese tonele" as idee en „vistermanne" as bedieners. Mnr. en mev. KOOS SMIT en mnr. en mev. MacLACHLAN was eregaste by die geleentheid. Na 'n smaaklike ete is na die fliek verdaag om „The Living Desert" te sien.

## Bar 300

Die Joolkomitee het hul verrigtinge afgesluit met 'n dinee in Bar 300. Nadat daar smaaklik geëet is, het die paartjies na die dansvloer verdaag om die aand verder te geniet.

## Monica

Monica se dametjies het die „gunsteling"-here op Vrydagaand, 10 Mei, na hul „kasteel" genooi vir hul jaarlikse huisdinee. Die eetsaal was besonder kunstig versier en daar is dan ook heerlik geëet in die aangename atmosfeer. Die fliek is daarna besoek. Die eregaste alhier was mnr. en mev. DIRK MOSTERT en dr. en mev. GÖLDNER.

## P.S.O. en Huis Visser

P.S.O. het op Saterdag, 11 Mei, hul geslaagde huisfondsfunksie in die C.S.V.-gebou gehou. „Take it from here" — en daar was volop wat die moeite werd was, nl. eetgoed, speletjies, pret, ens. Alle besoekers kon dus 'n genotvolle tydjie daar deurbring.

Huis Visser het 'n heel oorspronklike tema vir hul dinee gehad, nl. 'n Duitse biersaal. Op Saterdagaand, 11 Mei, is daar dan ook heerlik geëet aan Duitse geregte, wat ook in Duits op die spyskaart aangedui is. Daarna is na die Swanemeer-balletuitvoering verdaag. Prof. en mev. TRUMPELMANN en mnr. en mev. MacLACHLAN was as eregaste teenwoordig.

## Harmonie

Harmonie het op Vrydagaand, 17 Mei, hul huisdinee gehou. Interessant was die uitbeelding van die „Willow Pattern" as idee, en „Chinese" was dan ook die bedieners. As eregaste by die geleentheid was dr. en mev. D. CRAVEN en dr. en mev. A. B. VAN DER MERWE. Om die aand op paslike wyse af te sluit, is of die fliek besoek (Lust for Life) of Peter Katin se uitvoering bygewoon.

## 18 Mei

Intervarsity, ja! En die aand natuurlik die Intervarsity-dans in die stadsaal. Hier het Ikeys en Maties saam in opgewekte luim verkeer — is die oorwinning gevier en die neerlaag in vrolike stemming vergeet. Menige paartjie het dan ook traag weer huiswaarts gekeer na die aangename aandjie.

# Intervarsity-komitee Trakteer die Ikeys



Die Intervarsity-komitees van die Maties en Ikeys verkeer gesellig in die biertuin van 'n plaaslike hotel.

**Colin Lockley**
EN KIE
Pleinstraat
STELLENBOSCH

Spesialiteite in
VERGROTINGS,
KLEUR- EN ALLE
BUITEFOTOGRAFIE

"Who's that awful-looking woman over there who keeps talking?"
„My wife."
„So sorry, old man. My mistake."
"No Mine."

**STELLENBOSCH MOTORS**
(EDMS.) BPK.)
Birdstraat 116
STELLENBOSCH
— Vir Alle —
Motorreparasies
en
Benodigdhede

GRAMMOFOONPLATE VAN
GOUE EEU SANGERS

CARUSO, MELBA, TAMAGNO, KURZ, RUFFO, SLEZAK, ZEMATELLO, DELUCA, CHA LIA PINE, McCORMACK. en Andere.

Almal ingevoerde langspeel plate.

STELLENBOSSE ELEKTRIESE
KONTRAKTEURS

Birdstraat 48 Foon 1697




Hay Fanns,

Nee, maar dit was mos geen slag nie, maar 'n slagting! Ek kyk toe mos so na my ou volkie terwyl hulle so sit en sing en toe dog ek so by myself: hier gaan nie min werk kom vir my ou têkkies nie! En moenie! Dit was opsluit nooit anders nie en Saterdagaand toe gjee (Basil) ek my têkkies stof en ek sien toe mos **Heleen Muller** kom glad nie van die Intervarsity af nie — sy was by die skoonfamilie se trouery! En **Estelle Henning** en **Jan Smit** se paadjies loop ook meer nou koudkry ver van mekaar af nie! Die langnaweek lê ook nog voor.

En dan wil ek darem graag weet wat dit beteken dat **Ely Rahl** se naam spesiale vernoeming kry in 'n sekere verslag . . .

Maar Saterdagaand was mos Intervarsity-dans en **Gaston Antelme** skiet toe mos vir **June Lyly** vir die heuglike tyd!

Maar nie al my ou volkie se manlike wesens het vroulike belange hier in ons ou joint nie. **Christo Viljoen** en **Sam Odendaal** is nie verniet groot pals nie, want Standerton se wêreld is glo net die plek waar die laasgenoemde beer se suster **Mynie Odendaal** vir ou **Christo** wag. Nee, maar „see joe later, Aligator!"

**Hannette Scheun**, ek kan darem nie mooi uitmaak nie . . . sê my, is dit nou daardie ander ou, of is dit **Louis Wessels**. En as ek nie verkeerd is nie, krap **Danie Kleynhans** mos ook in 'n ander ou se slaai!

Klagtes het gekom van 'n beer wat ook net soos ek by 'n ou met 'n motor afgesit het — en ek neem hom nie kwalik nie. **Aletta Laubscher** hou glo van 'n **Swart Citroen** met **Doppies** in en daarvan hou **Piet** darem glad nie . . .

Het julle bere ooit oom Kaspaas gevolg oor die waaierlis? Glo my hier is 'n ander beer wat nou ook daar naby rondloop. Ek hoor **Connie Solms** al sê: Jare der jare gelede toe ek nog by **Annette de Villiers** gekôl het . . . Dorpstraat is ook nie meer wat hy was voor **Daantjie Malan** daar gaan kuier het nie en van die MALANS gepraat — ou **Gideon Steyn**, ou bees, jy moet ligloop!

'n Ander beer wat nou heeltemal in **Harmonie** lewe met die vrolike geslag (ek bedoel dit goed!) is **Steve du Toit**. Nee, maar ek wil dit hê. Die **MATIE** moet darem nie net **Monica** se vloer stukkend trap nie!

En moet julle ook nie laat vertel dat Voetbal nou die enigste sportsoort onder die son is nie. **Louwrens de Bruyn** en **Lydia van der Merwe** speel alweer saam tennis . . .

En boys, Skimpie het mos toe nie plek gekry nie. **Louis van Rooyen** moes kies tussen dié ou broer van my en **Cora van Zyl** en . . . siestog, ou broer . . . Motors . . . motors . . . motors . . . daai's darem net die ding, al sê die dames hulle verkies mos glo 'n arm ou bo 'n ryke. **Fanie Otto**, is dit **Madeleine Schoch** of wie is dit ou bees? Ek loop my têkkies deur en ek kan niks wys word nie. (Ek is Sondagaande off-duty!) Selfs brompomies is nie uit die mode uit nie en allermins ongewens. **Gordon Cundill** kuier glo nie verniet in die Kaap nie.

Julle boys moet darem nie ons ou joint laat staan vir die poppies van die ander plekke nie. **Gerhard de Kock** kuier gereeld by 'n Ikey meisie en daai laaik julle omie darem glad nie. **Jaap Earl**, waar kuier jy in die laaste tyd? . . .

Die beer wat glo bo-uit kom moet glo Landbou loop. Daar is darem een ou wat die orde verander het. **Cherrie de Beer** het 'n Landbou-girl: **Jennefer Steytler.**

Boys, ek sit in die hek met daardie verkiesing. Ek is kort, het 'n rooi kop (en op die koop toe het die Ikeys my ge-Brynner!) en ek pas nou net glad nie in nie. Maar minstens een van my ou volkie se rokdraers het darem die moontlikheid dat julle ou pêl ôk nie single sal hoef te gaan Sangfees hou nie! Sy het net geskryf: (og, en dit stem my sommer tot trane!)

Love me not for comely grace,
For my pleasing eye or face,
Nor for any outward part,
No, nor for my constant heart —
For those may fail and turn to ill,
So thou and I shall sever:
Keep therefore a true woman's eye,
And love me still, but know not why —
So hast thou the same reason still
To dote upon me ever . . .!

Translate, boys, translate! En gebruik julle eie en nie een of ander langharige oom s'n nie. Die beste een word geplaas en pos die goed sommer vir oom Wouter — hy sal dit vir **Toeksie** gee en sy sal dit vir my gee!

Lekka try en keep on keeping on,
Soos ammeliedeur,
R. ONDLOPER.

**CARL BERGH**
Makers van Goeie Klere
PLEINSTRAAT
Foon 477 STELLENBOSCH

# STROOPTOGGEES LUIMER OP HORISON

(Deur „Die Matie" se Ondersoeker)

**ELKE groot studente-onderneming dra sy spesiale kenmerk, óf daargestel deur die studente self of per toeval omdat dit in 'n besondere tyd op Stellenbosch plaasvind.**

Ontleed maar die gevoelens voor Intervarsity; dis 'n gees van lughartige joligheid en tog is daar spanning in die lug — jy voel dit aan, die lug word elke dag dikker daarvan soos die groot dag nader. Heeltemal anders is dit gedurende Sangfees — hier speel die seisoen weer 'n groter rol — daarvan kan Rondloper ook getuig. Elke student voel hom — of haarself deel daarvan en wil dit uitleef en die lied is die regte kanaal daarvoor.

Vir elke jaargroep studente het Intervarsity 'n besondere kleur. Die trotse Eerstejaar sal hom verlustig in die vooruitsig om miskien by een of ander geleentheid die Matie-kleurbaadjie te dra of die minder spoggeriges sal net bly wees dat hulle nou ook 'n droom kan verwesenlik, naamlik om deel te hê aan Intervarsity.

Die eintlike groep wat van elke geleentheid 'n ware fees wil maak, is die juniors. Sommer lank voor die tyd berei hierdie groep hulle voor om dit die tyd van hulle studentelewe te maak.

Die senior studente besluit egter om met 'n egte „oumanspose" die hele affêre objektief te beskou en daardie jong klomp sotte die hele aandeel te laat kry omdat sulke lawwighede benede hulle waardigheid is.

Maar die eintlike mense is die fossiele, daardie manne wat sulke lang onvoorbereide referate lewer oor hulle dae toe alles nog in die haak was en strooptogte by Intervarsity aan die orde van die dag was. Die jongeres (residensieel) beskou as hulle kinders en hulle (die veterane) voel dit as 'n plig om hulle 'n bietjie te indoktrineer met die „spirit" wat geheers het in die ou dae, pas drie jaar gelede — dis die tyd toe georganiseerde strooptogte verbode was.

Hoe geslaag vanjaar se „wyse praatjies" was, blyk uit die feit dat die onder-dirigent asook die pianiste van Ikeys noodgedwonge voor Intervarsity 'n paar dae in Matieland moes bly.

# Intervarsity Voorwedstryde

**DIE Matie-tweedespan, met Jan du Preez, het net die regte stemming geskep vir die hoofwedstryd deur Ikeys 12—3 te klop.**

Stellenbosch het in die eerste helfte met die voorspelers die Ikeys saggemaak. Die stryd was vas en taai, die Matie-voorspelers het egter 'n wurggreep op die Ikeys gekry en gehou. Jaap du Toit het Maties met 'n strafdoel laat voorloop en die rustydtelling — 3—0.

Na rustyd het Gerrit du Preez die agterlyn begin wegstuur en toe moes Ikeys bontstaan op die verdediging. Jan du Preez het die bal na 'n mooi beweging ontvang en met 'n vaartversnelling die Ikey verdediging geklop en in die hoek gedruk. Kort daarna het Du Preez weer die bal van Dirk Swart ontvang, rieme neergelê hoekvlag toe en oorgeduik sonder dat 'n Ikey hom kon aanraak! Jaap du Toit was baie ongelukkig dat sy vervyfskop die regoppaal moes tref.

Die Ikeys het 'n strafdoel behaal om hulle eerste punte aan te teken. Jan du Preez het sy driekuns voltooi met nog 'n drie nadat hy weer eens pragtig gehardloop het. Die vervyfskop was mis en die eindtelling 12—3.

### DERDESPANNE

**Ikeys se derdespan was al wat verhinder het dat Maties, net soos in 1955, skoonskip maak van die rugby. Hulle het die Maties 'n deeglike pak slae gegee met 17 punte, 'n doel en vier drieë teenoor nul!**

Die Matie verdediging is deeglik beproef deur Ikeys se herhaalde aanvalle en hulle kon nie die streeptruie afweer nie. Swak hanteerwerk en te veel onoordeelkundige spel het Maties se paar kanse laat verlore gaan.

### VIERDESPANNE

Saterdag se eerste wedstryd was 'n goeie voorspel tot wat

(Vervolg op bladsy 8, kol. 4)

*MATIE-DIRIGENT IN AKSIE*



## Buro van Verlore Dinge

Ons is nou in besit van:
1 vaal mansreënjas
1 verkyker
2 manshoede
4 reisdekens
1 borsspeld met 'n seegroen steen in
1 wynrooi sambreel in 'n vaal omhulsel
1 noot (No. B/210 896879)
bruin leertas met voorletters (M.J.B.) op
oorbelle
sleutels.

Ons is op soek na:
Agfa-kamera
Verskeie penne, potlode en potloodsakkies
Botaniestel
'n groen sambreel
1 Buren armhorlosie met 'n swartleerband
bril
reënjasse
1 Conway Stewart vulpen.

Kom haal asb. u goed af by die Studenteraadskantoor.

NONNA BUHRMANN,
Konvenor.

# Ikey-Pianiste Ontvoer!

**Die gevangene, mej. Maraisia Louw, by haar bewakers in Monica. V.l.n.r.: Ursula Krige, Miranda Verster, mej. Louw, Desireé Boshoff.**



Wassie Wassenaar is Maandagaand met 'n slim set uit sy huis gelok en moes tot Donderdag in Wilgenhof bly. In dié tydjie moes hy selfs soos 'n mak aap geketting voor die Matie „Sing Songs"-pawiljoen verskyn om as 'n bewys te dien hoe swak die Ikeys-organisasie was. Spike Cloete was amper hier — toevallig kon die Wassenaar-ontvoerders hom nie by die huis kry nie.

Mej. Louw, die Ikey pianiste, het vanaf Woensdagaand in Monica deurgebring, maar anders as Wassie moes daar gedurig 'n wakende oog oor haar gehou word, want sy het nie haar tuiste so aangenaam gevind soos Wassie nie.

Die Wilgenhoffers verseker my dat Wassie heeltemal opgegaan het in sy omgewing en dat hy hom nie die minste bekommer het nie. Saam met sy ontvoerders het hy „party" geskop en hom geheel oorgegee aan die pret van die oomblik.

Per toeval is hy Donderdagoggend in 'n kafee deur 'n paar verdwaalde Ikeys „ontdek".

Net om te wys dat hy lojaliteit nog nie heeltemal getaan het nie, is hy saam terug na Ikeyland waar hy skynbaar nie eers gemis is nie.

As die Universiteitsowerhede of die onderskeie S.R.'s nie 'n stokkie in die wiel steek nie, sal ons volgende jaar sommer weer 'n bielle van 'n Intervarsity met lekker strooptogte voor die groot dag hê.

# MATIES SEËVIER IN DAMESHOKKIE!

**MET Intervarsity slaag al die U.S.-hokkiespanne daarin om die Ikeys kaf te loop. Met 24 doele van U.S. teenoor die skamele 4 van U.K., kon die Maties met reg hul teenstanders met die kous oor die kop huis toe stuur.**

Die eerste wedstryde het reeds om 8 vm. in aanvang geneem. Die hoofwedstryd sou om 10.30 vm. begin. In hierdie wedstryd slaag die Matie-eerstespan daarin om die Ikeys 6—1 te klop in 'n taai en vinnige wedstryd, waarin beide spanne met hul beste spel voor die dag getree het. Die Matie-voorlyn het besonder goed gekombineer en met kort vinnige aangeë, telkens deur die Ikey-agterlyn gebreek. U.S. teken dan ook die eerste punte aan. Hiervoor sorg Estelle Strydom deur haar doel wat sy uitgestoot het nadat sy die bal vinnig opgevolg het. Die Ikey-kapteine, J. Cole, het vir hul enigste doel gesorg. Die U.K.-voorspelers het ook goed vertoon, taamlik gekombineer en veral van die linkerkant af probeer deurbreek, dog die U.S.-agterlyn het sterk verdedig en baie aanvalle suksesvol afgeweer.

Dit was dan ook 'n baie aanskoulike wedstryd, waarvan die toeskouers opreg kan getuig. Na afloop van die spel het die Maties hul gaste op tee en toebroodjies getrakteer.

Die tweedespan speel 'n harde wedstryd en wen U.K. met twee doele teenoor een. Albei hierdie doele is deur Nanette Jordaan geskiet. Die span het goed saamgespeel en daar was 'n paar mooi bewegings gelewer.

Verdere uitslae is:
U.S. III wen U.K. III 1—0,
U.S. IV wen U.K. IV 4—1,
U.S. V wen U.K. V 4—0.
U.S. VI wen U.K. VI 7—1.

# FLIEKKAARTJIES

Die volgende persone kan kaartjies op Maandag, 27 Mei, kom afhaal:

Maandag, 27 Mei: Mej. A. Joubert, P.S.O.; Mnr. W. J. Botha, Huis Visser; Mnr. E. Botha, Huis Marais.

Dinsdag, 28 Mei: Mnr. D. Malan, Wilgenhof, Mej. I. Bam, Sonop.

Woensdag, 29 Mei: Mnr. Hans Nel, P.S.O.; Mej. M. Malan, Huis de Villiers.

Die volgende persone kan fliekkaartjies vir die betrokke dae op Maandag, 3 Junie, tussen 2.30 en 4.30 nm. by die Studenteraadskantoor kom afhaal:

Maandag, 3 Junie: Mej. J. van Niekerk, Huis ten Bosch; Mnr. A. Kriel, Wilgenhof.

Dinsdag, 4 Junie: Mnr. E. Stals, P.S.O.; Mej. M. Bergh, Lydia.

Woensdag, 5 Junie: Mej. E. Theron, Huis de Villiers; Mnr. E. Barber, Dagbreek.

Donderdag, 6 Junie: Mnr. R. Clark, Huis Marais; Mej. B. de Jager, Lydia.

L.W. — Indien fliekkaartjies nie op die datum soos aangedui, afgehaal word nie, word alle aanspraak daarop verbeur.


TOLLIES!
VIR U ONTSPANNING
HOTEL COETZENBURG
Die dorp se toonaangewende Hotel
MNR. C. M. TOLLMANN
(Eienaar)
FOON X01

Tot u Diens sedert 1924
GEBRS. OHLSON
MANSHAARKAPPERS
Nassau-Gebou
PLEINSTRAAT
FLINKE DIENS —
SES SNYERS



Vir Besondere Geleenthede!
Wills's
VICEROY

# MATIE-RUGBY OP SY BESTE!

## Intervarsity Op Hoë Noot Beklink

**DIE opwinding is nou verby, maar die Intervarsity van 1957 sal lank onthou word as een van die bestes en opwindendste in jare.**

**Die Stellenbosse voorspelers het die grondslag gelê, met 'n meesterlike vertoning, vir die pragoorwinning van nege punte (drie drieë) teenoor nul. Die wedstryd was tipies van enige Intervarsity tussen die twee uithaler spanne, hard maar skoon, so spannend dat dán die Maties dán weer die Ikey-pawiljoen moes asem ophou om dan weer met 'n oorverdowende toejuiging los te bars dat die Pieke antwoord gee!**

Die Matie-voorspelers het 'n vertoning gelewer wat min provinsiale pakke hulle kan nadoen. James Starke en sy sewe makkers het die Ikeys laat les opsê vanaf die eerste minuut totdat die eindfluitjie geblaas het en het dié afdeling van die spel oorheers. Geen man kan uitgesonder word nie, dit was altyd saam en altyd met meer vuur totdat die Ikeys kis gespeel was en hulle eenvoudig moes swig. Die Ikeys het hard probeer en moedig, selfs desperaat, teruggeveg om die stortvloed maroontruie van hulle doellyn weg te hou. Die kere wat Ikeys gevaarlik geword het, was daar 'n ondeurdringbare muur om hulle te stuit en die Matie-doellyn skoon te hou tesame met Gideon Steyn se buiteskoppe.

Die telling met rustyd was nog nul elk en die Matie en Ikey-ondersteuners het almal asem opgehou en menige een se gedagtes het teruggegaan na 1955 toe, op dieselfde veld, die telling ook 0—0 was en Maties geseëvier het met 19—3!

Drie minute later na rustyd het dit gekom! Frost het seepglad om die skrum gebreek, na Leon du Plessis gegee wat in die hoek oorgeval het. Die vervyfskop het misluk, 3—0.

### SPANNENDE HALFUUR

Hierna het seker die spannendste halfuur van die wedstryd gevolg. 'n Paar „amper" drieë is behaal. Starke het net te kort gedruk nadat Frost gemaak het of hy na Ludick aangee, die bal aan Starke aan die binnekant besorg het wat amperamper die doellyn gehaal het.

Antelme het amper 'n drie behaal maar met 'n hanteerfout 'n gulde kans laat verbygaan. Na 'n pragtige beweging wat deur Butch Lochner begin is, het Leon du Plessis oorgegaan maar die grensregter se vlaggie was reeds op. Ludick was ook byna-byna deur op sy eie, jammer dat hy nie betyds uitgegee het nie!

### MISLUKTE SKOPPE

Beide spanne het baie punte prysgegee deur moontlik skoppe te verbrou. Lockyear kon die hele verloop van die wedstryd miskien verander het as hy twee maklike skoppe nie laat misluk het nie. Wat vervyfskoppe betref was al drie baie skuins.

### LAASTE TIEN MINUTE

Met tien minute speeltyd oor en die telling 3—0 het die keerpunt gekom. Cooper, wat pragtig gespeel het, het die bal op die steelkant gekry en deur die streeptruie gesny vir 'n pragdrie. Abe Malan wat baie vinnig gehak het, het grotendeels die verbluffende stukkie taktiek moontlik gemaak.

Hierna was die Maties in 'n onkeerbare bui en is die Ikeyverdediging stukkend gehamer met herhaalde aanslae. Corrie van Niekerk en Butch Lochner het albei tot op die doellyn gevorder, maar kon net nie druk nie.

Vanaf die laaste skrum het Antelme met geweldige vaart opgeskiet, die bal raakgevat en oor die doellyn gebars vir die laaste spyker in Ikeys se doodkis. Net na die mislukte vervyfskop het die eindfluitjie geblaas.

### Die Wenspan

Die Maties se eerstespan afgeneem net voor die hoofwedstryd.



# Sokkerspan Speel Pragtig

## MATIES WEN EERSTE SOKKER-INTERVARSITY

**DIE Maties wen — die eindtelling is 4—1 en vir die eerste keer verloor die Ikeys se eerste sokkerspan Intervarsity. Dit is die storie in kort van sokkerintervarsity op Coetzenburg.**

Die hoë verwagtings wat van die sokkerspan gekoester is, het geen teleurgestelde harte opgelewer nie. Die 11 Maties het skitterend gespeel en binne die eerste drie minute was die telling 1—0. Claus Linow, regtervleuel van Maties, het die bal van 'n hoekskop voor Gunther Gerischer se voet laat val en hy het losgebrand met 'n mokerhou wat die bal agter in die doelnet laat beland het.

Die Ikeys kon mekaar nie vind nie en hulle samespel was beroerd. Die volgehoue aanval van die Matie-voorlyn het hulle verdediging telkens op die proef gestel en uiteindelik moes die Ikeys weer eens swig. Neumeister, middelvoor, het die doelmond gesoek met 'n harde hou. Blake (doelwagter) het die skoot afgeweer, dog kon nie Claus Göbel se goedgeplaasde hou keer nie en die telling was 2—0 in die guns van die Maties.

### BEKROON

Hierna het die Ikeys langsamerhand hulle voete gevind en by tye is sokker uit die hoogste rakke gespeel. 'n Poging van hulle is uiteindelik bekroon toe Elliot (linkerbinne) die bal oor Wessels (doelwagter) se kop lig vir Chevalier Smith om dit met sy kop net langs die regter regoppaal verby te stamp vir 'n pragtige doel.

Die rustydtelling was 2—1.

Na rustyd het die Maties weer eens die inisiatief oorgeneem en pragtige sokker is gesien. Die spel het met kruisskoppe oor die veld beweeg totdat Neumeister weer eens deurgebars het. Hy het die bal op die regte tydstip aan Göbel besorg wat geen fout gemaak het nie.

Tien minute voor die einde het die Maties wat nou die Ikeys kis gespeel het, hulle vierde doel aangeteken. Neumeister het met een van sy tipiese individuele pogings tot skuins voor die doel gevorder en die bal buite die doelwagter se bereik geplaas met 'n netjiese skop.

Die Ikeys was egter nog nie moeg nie en hulle het hard teruggeveg. Die Maties moes telkens keer. Danksy die hardnek-

(Vervolg in kolom 3)

# Veldwedlopers Stel Nuwe Rekord Op

**VIR die toeskouers wat reeds om 11.45 vm. op Coetzenburg was, was die verskyning van 'n hardloper in Matiekleure iets onverklaarbaars, min het hulle geweet dat die atleet die laaste skof afgelê het vanaf Kaapstad na Stellenbosch en dat in die poging die Matiespan van veldwedlopers alle vorige rekords vir die afstand gebreek het met meer as een minuut.**

Omdat Intervarsity 'n kragmeting is tussen Ikeys en Maties op sportgebied, het die landlopers besluit om 'n wedloop te reël vanaf die Rondebosse meent tot by Coetzenburg — hierdie kragmeting moes dan dien tot 'n voorspel vir die eintlike stryd van die middag. Die tye is ook net so gereël dat die atlete Coetzenburg binnedraf terwyl almal reeds wag.

### UITMUNTENDE TYE

Die twee Universiteite het elk twee spanne ingeskryf waarvan die Maties se eerstespan gewen en die tweede verloor het.

Die atlete wat die beste tye vir hul afstande opgestel het, is N. van der Merwe en Basie Coetzee.

Die twee spanne het elk bestaan uit ses veldwedlopers waarvan elk 'n afstand van ongeveer vyf myl gehardloop het.

Die Matie-atleet wat laaste gehardloop het, het presies een minuut 12 sekondes voor sy Ikey-teenstander Coetzenburg binnegedraf en die vorige rekord met 1 minuut 7 sekondes geslaan. As in ag geneem word dat die vorige rekord opgestel is oor 'n afstand 800 tree korter van Saterdag se afstand, blyk hierdie 'n uitmuntende prestasie te wees.

Die veldwedlopers hoop om hierdie instelling jaarliks te maak en dit te reël gelyktydig met Intervarsity en enigeen wat meen dat hy sy regmatige deel kan bydra om dié afstand van byna 30 myl in 2 uur 41 minute 53 sekondes af te lê om sy gewig by die klub in te gooi.

Die vorige beste tyd van 2 uur 43 min. is in 1951 ook deur 'n Matiespan opgestel. Toe het ons egter nog voor Coetzenburg se brug geëindig, d.w.s. plusminus 800 tree kort as verlede Saterdag, want ons het nog eers 'n slag om die baan gedraf. Die span, in volgorde wat hulle gehardloop het, was: Dawid le Roux, Nel van der Merwe, Eben Theron, Dries Conradie, Basie Coetzee en Jorrie Jordaan.

# IKEYS MAAK SKOONSKIP IN MANSHOKKIE

**DEUR al ses die Intervarsity wedstryde te wen het Ikeys skoonskip gemaak in die manshokkie. Ikeys het die besondere prestasie behaal dat daar in geen wedstryd 'n doel teen hulle aangeteken is nie. Die Maties daarenteen het 28 doele teen hulle gekry!**

Dit mag egter nie uit die oog verloor word dat slegs Stellenbosch seerstes in dieselfde liga as U.K. speel nie. Die ander spanne van Maties speel almal in laer ligas as hulle teenstanders.

In die eerstespan wedstryd het Maties goed begin, maar, soos in die verlede, kon die voorspelers nie hulle kanse benut nie. Teen rustyd was Ikeys 1—0 voor. In die tweede helfte het Ikeys nog drie doele aangeteken. Dick, die doelwagter, het baie daartoe bygedra dat die telling nie hoër was teen Stellenbosch nie en goed gekeer.

Die tweedespan het die beste gevaar deur slegs 1—0 te verloor teen U.K. se tweedespan wat drie ligas hoër speel as hulle.

(Vervolg van kolom 5)

kige verdediging en stewige spel van Harris, Spörer en Maurer bygestaan deur Wessels, was al die Ikeys se pogings tevergeefs.

Die tweedespan het ook geseëvier met 2 doele teen 1 en so meegehelp om die Böhmewisselbeker vir die meeste oorwinnings met Intervarsity te wen! Die derdespan het hard gespeel dog die Ikeys was 1 doel beter: telling 1—0.

(Vervolg van bladsy 7, kol. 4)

sou kom! Maties het U.K. weggeveeg en met 30—6 gewen in 'n baie aanskoulike en oop wedstryd.

Die Maties het die bal lustig rondgegooi en veral mekaar pragtig ondersteun, sodat die Ikeys by tye nie geweet het waar om te keer nie.

Die eerste helfte het Ikeys saam met die wind die Maties nog vasgehou maar na rustyd het Stellenbosch die spel oorheers.

# Puik Koshuisrugby

**Verlede Donderdag is weer vier wedstryde in die koshuisliga afgehandel. Die groot getal toeskouers was nie teleurgestel nie want goeie, somtyds aanskoulike rugby is gespeel, veral deur Simonsberg in hulle wedstryd teen Helderberg.**

Simonsberg het met 17—11 gewen in 'n baie opwindende wedstryd. Dan het die een en dan het die ander span voorgeloop en die uitslag was tot kort voor die einde in die weegskaal.

Huis Marais het in 'n hoofsaaklik voorspelerwedstryd Huis Visser met 9—0 verslaan. Huis Marais het herhaalde aanslae op die Huis Visser doellyn uitgevoer, maar slegs een drie behaal. Die ander punte het van twee strafdoele gekom.

P.S.O. Noord het P.S.O. Suid met 12—0 geklop en Dagbreek het Wilgenhof met drie punte teen nul verslaan.

DIE MATIE word gedruk deur Pro Ecclesia-Drukkery, Birdstraat, Stellenbosch, vir die Studente Verteenwoordigende Raad, Stellenbosch.